# HOËR VOLKSKOOL POTCHEFSTROOM

Telefoon: 018 294-5287/8
Faksno.: 018 297-3582 (Ontvangs) | 086 231 0709 (Finansies)
E-pos: admin@volkiespotch.co.za | finansies@volkiespotch.co.za
Webtuiste: www.volkiespotch.co.za | debiteure@volkiespotch.co.za

Privaatsak X227
Potchefstroom
2520

## FINANSIËLE ONDERNEMING DEUR OUER/VOOG VIR 2025

Hoër Volkskool is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) - *National norms and standards of School Funding*.

**Ek, ______________________________________________ (naam en van), is verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds van die volgende leerder(s):**

1. ______________________________________________ Toelatingsnommer ___________________

2. ______________________________________________ Toelatingsnommer ___________________

3. ______________________________________________ Toelatingsnommer ___________________

4. ______________________________________________ Toelatingsnommer ___________________

**Ek en my kind(ers) verklaar dat:**

1. Ons die missie, doelstellings, beleid en gedragskode van Hoër Volkskool Potchefstroom verstaan, onderskryf, handhaaf en beskerm.
2. Ek ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, aanspreeklik sal wees vir die betaling van onderriggelde en registrasiefooi wat uit hoofde van my verbintenis met Hoër Volkskool betaalbaar is en van tyd tot tyd deur die Beheerliggaam bepaal word.
3. Ek erken hiermee dat indien betaling van skoolgeld nie stiptelik volgens Beheerliggaam-regulasies geskied nie, die volle bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word.
4. Ons bewus is dat alle ouers volgens die definisie van 'n "ouer" soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet, gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is teenoor die skool vir die betaling van alle skoolfonds wat deur die skool gehef is en/of gehef sal word ten opsigte van 'n spesifieke leerder. Ons is bewus dat dit die geval is ongeag wat vervat is in 'n egskeiding-skikkingsbevel.
5. Ek is bewus van die geleentheid om vir maatskaplike korting aansoek te doen, sou ek daarvoor kwalifiseer en dat indien ek nie kwalifiseer nie, ek verantwoordelik is vir die betaling van die volle skoolgeld. Indien ek wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van die verpligte skoolgelde, sal ek dit kan doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van die bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van u as ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.

6. Ek magtig hiermee Hoër Volkskool Potchefstroom en enige party wat deur hulle aangestel word, om my persoonlike inligting te verkry en te versamel vir die doeleindes van statusverifikasie, verwerking, profielopdatering, skuldinvordering, kredietrekordhersiening en opsporing indien nodig.
7. Ek erken dat, in geval van enige invorderings aksies teen my, ek persoonlik aanspreeklik gehou sal word vir sodanige koste en gelde soos deur die wet toegelaat vir skuldinvordering deur geregistreerde agentskappe, en prokureurs sowel as die regskoste en fooie.
8. Ek is bewus dat my inligting op 'n kredietburo geplaas kan word indien ek nie by my betalings ooreenkoms hou nie.
9. Ek is bewus daarvan dat indien ek 'n betaling maak op uitstaande skoolfondse, dit aan die oudste uitstaande skuld geallokeer sal word.
10. Ek is bewus dat indien ek 'n vals verklaring op my aansoekvorm of finansiële inligting doen, die Beheerliggaam 'n klag van bedrog teen my aanhangig mag maak.
11. Ek aanvaar dat Hoër Volkskool Potchefstroom en enige van sy aangestelde agente my persoonlike finansiële inligting sal beskerm in ooreenstemming met die relevante wetgewing.
12. Ek is bewus daarvan dat skoolfonds vooruitbetaalbaar is maar dat ouers die geleentheid gegun word om die skoolfonds af te betaal in 10 gelyke dele oor 'n periode van 10 maande. Ek aanvaar dat ek by hierdie reëling moet hou of 'n skriftelike betalingsooreenkoms voltooi en indien by die finansiële kantoor. Ek is bewus dat die volle skoolfonds bedrag dadelik betaalbaar sal wees indien ek nie by die ooreenkoms hou nie.

    Betaling van skoolfonds sal as volg geskied

    (merk toepaslike opsie met 'n X)

| | |
|---|---|
| | Eenmalige betaling voor of op die sperdatum 28/02/2025 soos vasgestel tydens die jaarlikse ouervergadering, of soos per afbetalings ooreenkoms onderneem. |
| | Eerste paaiement en daarna 10 maandelikse paaiemente tot 30 November 2025, betaalbaar voor die 7e van die maand.. |
| | **Alternatiewe reëlings sal skriftelik met die skool getref word op my verantwoordelikheid en inisiatief.** **(Pink afbetalingsooreenkoms moet ingevul word by die finansiële kantoor)** |

13. Ek kies hierdie onderstaande adres as my *domicilium citandi et executandi* vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke (Woonadres - nie 'n posbus adres nie, heg asb. bewys van u woonadres hierby aan)

________________________________________

________________________________________

14. Ek verkies om my maandstaat as volg te ontvang

    (merk toepaslike opsie met 'n X)

| | | |
|---|---|---|
| | Per hand aan die leerder uitgedeel | |
| | Per e-pos soos hier ingevul | |

Vul asb. u e-posadres volledig en leesbaar in

15. Ek/Ons die ouer(s)/voog(de) van die leerders soos hierbo, aangedui onderneem om my/ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit.

## Inligting van Moeder/Voog

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | |
| ID nommer: | |
| Selfoon nommer: | |
| e-pos adres: | |
| Werkgewer: | |
| Beroep: | |
| Kontaknommer van Werkgewer: | |
| Handtekening: | |
| Datum: | |

## Inligting van Vader/Voog

| | |
|---|---|
| Volle naam en van: | |
| ID nommer: | |
| Selfoon nommer: | |
| e-pos adres: | |
| Werkgewer: | |
| Beroep: | |
| Kontaknommer van Werkgewer: | |
| Handtekening: | |
| Datum: | |

**Indien u weier om hierdie vorm in te vul en te teken, moet u die volle skoolfonds vereffen voor 28 Februarie 2025**